Jim van Tonderskool

FONDSINSAMELINGSNR.: 02 200587 000 0

Tel.: 017 647 2606
017 647 5987
Webblad/Webpage: jimvantonder.co.za
E-pos/E-mail: info@jimvantonder.co.za

Alle korrespondensie moet gerig word aan:
All correspondence must be addressed to:

DIE HOOF / THE PRINCIPAL
Jim van Tonderskool
Privaatsak/Private Bag X1007
BETHAL, 2310

01.11.2024
08 van 2024

Geagte Ouers / Voogde

Graag wil ons die volgende onder u aandag bring:

1. SKOOL

1.1 BELANGRIKE DATUMS

14.11.2024	Prysuitdeling: Junior 11:00-13:00, Senior 14:00-16:30. Skool sluit om 10:00.
12-13.11.2024	Sentrumeksamens.
18-22.11.2024	Akademiese eksamens.
22.11.2024	Skool sluit vir leerlinge 10:00.
06.12.2024	Rapporte uit.

1.2 SKOOLREKENINGE

U kind het vandag 'n skoolrekening ontvang. Gaan dit asb noukeurig deur. Ons wil 'n vriendelike, dog dringende versoek rig dat u asb op datum moet bly met die betalings van skoolgelde. Name van ouers, wat agterstallige rekeninge het, sal aan Prinsloo Prokureurs oorhandig word vir skuldinvordering.

Graag wil ons dié ouers wat gereeld betaal en op datum is, bedank. Ons opregte waardering daarvoor.

1.3 PRYSUITDELING Donderdag, 14 November 2024

Alle leerlinge wat uitgenooi is om toekennings te ontvang, het 'n brief ontvang. Ouers moet asseblief die skeurstrokie invul en so gou as moontlik terug stuur skool toe ter wille van getalle.

Kleredrag vir die prysuitdeling is as volg:

Seuns
Die seuns dra 'n wit hemp, geel skooldas, geel trui/oortrektrui en/of swart baadjie, grys langbroek en swart skoolskoene met grys kouse.
NB: Geen T-hemde onder skoolhemde nie.

Dogters
Die dogters dra 'n wit hemp, geel skooldas, geel trui/oortrektrui en/of swart baadjie, grys 6-baan romp en swart skoolskoene met wit kouse.

of

Wit hemp, geel skooldas, geel trui/oortrektrui en/of swart baadjie, grys langbroek en swart skoolskoene met grys kouse.

Die volgende items kan aangekoop word by Me. L. Roux:

Dasse	R100.00
Oortrektrui	R180.00
Trui	R190.00

Ons doen 'n beroep op ouers om so gou moontlik kleredrag aan te koop en te verseker u kind het die korrekte kleredrag aan tydens die prysuitdeling.

Donasies aan: JIM VAN TONDERSKOOL OPVOEDKUNDIGE FONDS aftrekbaar van inkomstebelasting vlg. Artikel 18a van die Inkomstebelastingwet.

1.4 EKSAMENROOSTER

11 Nov & 12 Nov	13 Nov	14 Nov	18 Nov	19 Nov	20 Nov	21 Nov	22 Nov
Maandag & Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
TEGNIESE EKSAMENS **DOGTERS** Gasvryheid studies Of Naaldwerk **GEWONE ROOSTER**	TEGNIESE EKSAMENS SEUNS EN DOGTERS (Haarkappery of VKO) **WOENSDAG ROOSTER** Per 1-4 **DONDERDAG ROOSTER** Per 5-10	**PRYSUIT-DELING** Skool kom 10:00 uit Junior Prysuitdeling 11:00-13:00 Senior Prysuitdeling 14:00-16:30	07:30-08:00 STUDIE 08:00-08:30 POUSE 08:30-10:00 **PSW**	07:30-08:00 STUDIE 08:00-08:30 POUSE 08:30-10:00 **WISK**	07:30-08:00 STUDIE 08:00-08:30 POUSE 08:30-10:00 **AFR**	07:30-08:00 STUDIE 08:00-08:30 POUSE 08:30-10:00 **NW**	07:30-08:00 STUDIE 08:00-08:30 POUSE 08:30-10:00 **ENG**

2. KOSHUIS

2.1 HANTERING VAN PROBLEME

Mnr. Sibanda hanteer die daaglikse dissiplinêre probleme. Indien daar ernstige sake is, sal dit met Mnr Bornman bespreek word sodat hy dit kan hanteer.

Indien u kind enige probleme by die koshuis ondervind, moet dit dadelik gerapporteer word, sodat ons dit onmiddellik kan hanteer. Hoe gouer u kind 'n probleem rapporteer, hoe gouer kan dit opgelos word. Daar is elke dag 2 mans en 1 dame aan diens by die koshuis by wie probleme aangemeld kan word.

2.2 ROOK

Indien u as ouers die leerlinge toelaat om by die huis te rook, vererger dit die huidige probleem. DA Müllerkoshuis is 'n rookvrye area. "Vape" raak 'n baie groot en ernstige probleem in die koshuis. Baie leerders beweer dat hulle ouers hulle voorsien van die "vapes". Dit is 'n oortreding van die Rookwet en dus sal daar baie ernstig teenoor die leerders opgetree word. Kan u as ouers ons asb ondersteun in die saak.

2.3 SIEK LEERLINGE

Dit gebeur al hoe meer dat siek kinders op 'n Sondag en Maandag by die koshuis arriveer. **Moet asb. onder geen omstandighede u kind koshuis toe stuur op 'n Sondag indien hy/sy siek is nie. Ons gaan van u verwag om u siek kind te kom haal.**

2.4 MEDIKASIE

Geen medikasie mag by die leerlinge in hulle kaste gehou word nie. Dit moet by die siekekamer ingehandig word.

Merk asseblief die medikasie duidelik. Dui ook op die houer aan hoe dit geneem moet word, indien dit nie daarop aangedui is nie. U moet ook aandui waarvoor dit geneem moet word. Dankie vir u samewerking.

2.5 SKOOLDRAG

Kan u as ouers asseblief help en seker maak dat u kind met die korrekte skooldrag terugkeer na 'n naweek. Baie kinders kom met 'n verskoning dat die skoolskoene en klere by die huis vergeet is; dan loop hulle die hele week met verkeerde klere. Dankie vir u ondersteuning.

2.6 NELSPRUITBUS

Die dienste van die Nelspruitbus eindig op 22 November 2024. Daar sal vanaf Januarie 2025 geen koshuis Nelspruitbus wees nie. U moet asseblief voorsiening maak vir privaat vervoer vir u kind. Daar is reeds bestaande onafhanklike vervoer beskikbaar.
K&M Transport: 065 827 3129
Thumelo Transport: 071 640 9190

2.7 KOSHUISREKENINGE

Neem kennis dat die koshuisrekeninge op 30 Oktober 2024 sluit. Koshuisgelde is betaalbaar oor 10 maande, Januarie tot Oktober. Alle koshuisrekeninge moet ten volle betaal wees vir u kind om op 3 November 2024 te kan terugkeer na die koshuis. Indien daar enige uitstaande balans op u rekening is, sal u kind nie toegelaat word in die koshuis vanaf 3 November 2024 nie.

2.8 KOSHUIS BANK DEPOSITO'S

Daar word tans heelwat deposito's gedoen met geen of verkeerde/onbekende verwysings. Indien u 'n deposito doen en die verwysing is verkeerd, gaan ons nie die inbetaling na u rekening kan kanaliseer nie en gaan u rekening dus as agterstallig reflekteer.

2.9 BELANGRIKE KOSHUIS KONTAK BESONDERHEDE

Skool	-	017 6475987 017 4220322
Koshuis e-pos	-	damullerhostel@jimvantonder.co.za
Koshuisvader	-	Mnr Bornman 082 337 1645 **(SLEGS IN NOODGEVALLE)**
Dissipline	-	Mnr. Sibanda 083 418 5579

Alle skool- en koshuisnavrae gedurende skoolure.

2.10 BELANGRIKE DATUMS

22 November 2024 - Skool sluit om 10:00.

Die uwe,

MEV M KRÜGER
HOOF